## RAADSKENNISGEWING 37 VAN 2017

### OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: PRIESKA

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n produksiegebied (wyk) onder die naam Prieska.

**OLIVIA POONAH**
**SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD**

### BYLAE

### OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED PRIESKA

Daardie gedeelte grond geleë binne die volgende grense:

Begin by 'n punt algemeen oos van 'n denkbeeldige reguitlyn, getrek deur die middel van die damwal van die Boegoebergdam wat ook die algemeen suidoostelike grens van die produksiegebied Sentraal Oranjerivier (wyk) is; daarvandaan 5 kilometer aan weerskante van die middel van die stroom, eers algemeen suidoos en daarna algemeen noordoos met die stroom tot by 'n punt waar die noordoostelike grens by die algemeen westelike grens van die produksiegebied Douglas (distrik) aansluit.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za